Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 32

20 September 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

Die einde van die derde kwartaal is met ons. Baie dankie aan almal wat 'n bydrae gelewer het om van dié kwartaal 'n sukses te maak. Ek wil veral elke onderwyser bedank vir 'n kwartaal waarin hul die kers weerskante gebrand het. Van 'n bedrywige akademiese tyd, vol sportprogram, sportdae, Mnr. en Mej Newtonpark tot 'n graad 7-toer kon hul nie onderkry nie. Newtonpark kan met trots sê ons het die beste onderwysers, sekretaresses en werkers in Port Elizabeth. Ek salueer julle!!

Ek wil ons ouers ook bedank vir al die ondersteuning wat julle die skool en jul kinders gedurende die kwartaal gegee het. 'n Groot dankie aan ons OOV-dames en elke ouer wat bygedra het tot die groot sukses van ons jaarlikse kermis.

Aan elke personeellid van die skool asook ons kinder- en ouergemeenskap, wens ek 'n rustige September-vakansie toe. Julle verdien dit.

RAPPORTE EN OUERBESOEKE

Die leerlinge ontvang vandag hul rapporte. Baie geluk aan die wat mooi presteer het. Die wat nie so goed gevaar het nie, sal volgende kwartaal baie harder moet werk. Teken asseblief die rapport en stuur dit dan terug aan die skool die eerste dag van volgende kwartaal. Teken solank **Maandag, 14 Oktober 2024** aan as die datum vir die ouerbesoeke aan u kind se onderwyser.

Sommige van u sal briefies kry om die onderskeie onderwysers te kom sien. Kom asseblief daardie afsprake ter wille van u kind na. Enige ander ouer is meer as welkom om ons te kom spreek as daar iets is wat pla of as u sommer net vir die personeel wil dankie sê vir hulle harde werk.

HEROPENING VAN SKOOL

Die skool open weer Dinsdag, 1 Oktober 2024 om 07:45. Die leerlinge dra dan ***somersdrag.***

Hier volg 'n uittreksel soos in die huiswerkboek.

SOMER: (1ste en 4de kwartaal)

5.3.1 SEUNS:

Skoolbaadjie met wapen is opsioneel, **maar verpligtend as 'n trui ook gedra word**. Grys kort- of langbroek. Wit oopknoophemp sonder das met skoolwapen op die sak. Laasgenoemde is verpligtend. Grys skoolkouse met skoolkleure by omslag moet gedra word. Die skoolkouse moet tot onder die knie opgetrek wees. Swart skoolskoene, verkieslik die sg. "Toughees".

5.3.2 DOGTERS:

Skoolbaadjie met wapen is opsioneel, **maar verpligtend as 'n trui ook gedra word**. Wit oopknoophemp sonder das. Maroen skoolrok (verkieslik van tetrexmateriaal) met maroen broekie. Skoolrok mag nie hoër as 8cm bokant die knie wees nie. Kort wit sokkies word gedra. Sokkies moet een keer omgeslaan word. Swart skoolskoene (toeryg of met bandjie), verkieslik "Toughees".

5.3.3 SAAL

Gedurende somer en winter is die dra van die skoolbaadjie tydens saalbyeenkomste verpligtend. Seuns moet hul baadjies se boonste knoop toeknoop.

LUISE EN NETE

Kyk asseblief gereeld vir kopluise. Dit is nie die skool se verantwoordelikheid nie en dit is 'n verleentheid vir die kinders. Ons het weer Dinsdag, 1 Oktober 'n inspeksie, want dit het onder ons aandag gekom dat kopluise en nete weer 'n probleem is. Gaan asseblief u eie kind(ers) se hare deur die vakansie, om hulle die verleentheid te spaar. Daar is baie doeltreffende middels by apteke beskikbaar. Ons dank u byvoorbaat vir u samewerking i.v.m. die "netelige" probleem.

2025 BEGROTINGSVERGADERING: 17 OKTOBER 2024

Hiermee gee ons u 'n derde keer kennis van die 2025-begrotingsvergadering wat op Donderdag, 17 Oktober 2024 om 17:30 in die skoolsaal gehou sal word.

Tydens hierdie ouervergadering sal die voorgestelde begroting vir 2025 vir oorweging en goedkeuring, met of sonder wysiging aan u voorgelê word.

Enige ouer of wettige voog van leerlinge in die skool het die reg om die vergadering by te woon. **Die begrotingsdokumente is al vanaf 19 September by die kantoor ter insae beskikbaar wees.**

ONDERSTEUNERSHEMDE

Ons wil al ons ouers aanmoedig om vir u Laerskool Newtonpark-ondersteunershemde aan te skaf. U kan by ons klerewinkel kom aanpas, ons het nou voorraad ontvang en die koste is R380.

FACEBOOK-BLAD: SKOOLKLERE

Die facebook-groep, SKOOLKLERE - Laerskool Newtonpark, bestaan steeds en dit is lekker besig daarop. Maak gerus van die gerief gebruik as u van skoolklere wil ontslae raak wat te klein geword het vir u kinders.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD

Besoek gerus ons skool se amptelike facebook-blad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

TOELATING 2025: GRAAD 2 – 7
Op Dinsdag, 16 Julie 2024 is daar ‘n brief in verband met bogenoemde aan elke ouer gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Ons versoek u om asb. die skeurstrokie, onderaan daardie brief, te voltooi en onverwyld saam met R900 deposito (per kind) skool toe stuur of te EFT om sodoende te verseker dat u kind(ers) ’n plek het.

Die bedrag is voor/op 30 September 2024, betaalbaar. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal dien as deel van die eerste betaling op u kind(ers) se skoolgelde vir 2025. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

SKOOLGELDE 2024
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **‘n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die vakansie saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE KWARTAAL:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Di – 1 Oktober	:	Senior Koor: **07:25 tot 08:00** **SKOOL HEROPEN 07:45** **NETHEIDSINSPEKSIE – MERK VAN KLERE**
Wo – 2 Oktober	:	Junior Koor: **07:30 tot 08:00** Klerewinkel: **12:00 tot 14:30**
Do – 3 Oktober	:	Senior Koor: **07:25 tot 08:00**
Vr – 4 Oktober	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** Junior Koor: **07:30 tot 08:00**
Sa – 5 Oktober	:	***ONDERWYSERSDAG***
So – 6 Oktober	:	*** Mev. Elmarie Botha verjaar**

SPORT EN KULTUUR

KARATE
Lacey van Rensburg in graad 5D het op 7 September aan die "Youth karate challenge" deelgeneem en brons vir haar kumite verwerf. Baie geluk, Lacey!

KARATE
Annique, Antonie en Jayden het op 12 September in karate gradeer en is bevorder na die volgende gordels:

- Annique du Toit (graad 5D) na groen 1
- Antonie du Toit (graad 1C) na geel streep
- Jayden Gouws (graad 5D) na blou 1

Baie geluk, julle!

ATLETIEK : ASA LAERSKOLE-LIGA
Iané Jukel, Inge Jukel en Marc Jukel het op 7 September aan die 1ste ASA-liga deelgeneem en soos volg presteer:
Marc 2de in 60m
Iané 2de in 1200m
Inge 1ste in verspring en 3de in 100m
Baie geluk, julle!

JUDO
Dentin Maritz in graad 3S het op 14 September aan die “MJ’S Judo interschools end of term” kompetisie deelgeneem en ‘n goue medalje in sy gewigklas verwerf. Baie geluk, Dentin!

Rico van Vuuren in graad 4M het aan dieselfde kompetisie deelgeneem en 'n silwer medalje in sy gewigklas verwerf. Baie geluk, Rico!

SKAAK

'n Paar van ons leerlinge het Saterdag, 14 September aan die "Spring Chess Tournament" deelgeneem en soos volg presteer:

- Sebastian Kapp - wenner van die senior A-afdeling
- Ruan Heneke graad 7 - goud
- Bradley van den Berg graad 6 - goud
- Lika Hanekom graad 7 - silwer
- Emily Swart graad 5 - silwer
- Soné Senekal graad 5 - silwer
- Abby-Gail Kitching graad 5 - goud
- Amelie Kapp graad 2 - silwer
- Ruan Hanekom graad 3 - goud
- Evan Louwrens graad 3 - goud
- Elizma van Aswegen graad 2 - Goud
- Daniel Bester graad 2 - silwer
- Lihan Campher graad 1 - wenner van graad 1, gaan na graad 2

Baie geluk, julle!

BINNEHUISE-NETBAL : NEWTONITES

Die Newtonites het Saterdag, 14 September hul eerste wedstryd van die seisoen gespeel en 26-3 teen die Fireballs gewen. Baie geluk, meisies!

Span: Jana vd Merwe, Chené Koekemoer, Emma Gough, Emma Cloete, Chloe Schoultz, Chanel Schoultz, Nina Latham, Keelyn Nortje en Kaelynn Basson.

BINNEHUISE-NETBAL : RAZZMATAZZ

Van ons graad 6-netbalmeisies het vanjaar ingeskryf in die 'Junior Indoor Action Netball League'. Hul span, Razzmatazz het Saterdag, 14 September hul eerste wedstryd teen Hotshots 22-19 gewen. Baie geluk, meisies!

Agter (links na regs): Marli Stander, Linka van Deventer, Michké Murphy en Lisa Scheepers.
Voor (links na regs): Danielle Vermaak, Lisa Swanepoel, Kaylee Swanepoel en Miané Taylor.

BINNEHUISE-NETBAL : FIRE FLIES

Van ons graad 6- en graad 7-netbalmeisies het ook vir die 'Indoor Action Netball League' ingeskryf. Hul span, Fire Flies het Vrydagaand, 13 September hul eerste wedstryd teen IBProfun 27-6 gewen. Baie geluk, meisies!

Van links na regs : Marli Stander, Lisa Scheepers, Lisa Swanepoel, Miané Taylor en Chené Koekemoer.

KRIEKET : NPL LIGA

Roelof Campher in graad 5D het vroeër die jaar betrokke by die National Premier league krieket geraak. Hy het die Cape Storms 0/12-span wat deel vorm van die EPL Franchise kriekettoernooi in die Oos-Kaap verteenwoordig. In die finaal op 15 September te Laerskool Grey, het die Cape Storms die Centurions verslaan en was as EPL-kampioene gekroon. Roelof is ook as speler van die wedstryd met ‘n boulontleding van 3 boulbeurte, 8 lopies vir 3 paaltjies aangewys. Baie geluk met hierdie uitstekende prestasie, Roelof!

Laerskool Newtonpark

Gestig 1926

BEHEERLIGGAAMPOS

Internskap vir mansstudent wat 'n afstandsonderrig kursus volg:

B.ED Graad (4 jaar): Intermediêr- en seniorfase
(Onderrigmedium: Afrikaans)

Meld buitemuurse ervaring / belangstellings

Aanvangsdatum vanaf 1 Januarie 2025

Taal van onderrig: Afrikaans

Voorkeur sal gegee word aan:

- Tweedejaarstudent vir 2025.
- Persone met goeie akademiese resultate in Graad 12 of na skool behaal het.

Voordele vir die suksesvolle kandidaat:

- Goeie mentorskap deur ervare onderwysers
- Professionele opleiding in 'n goed georganiseerde werksomgewing
- Deelname aan 'n verskeidenheid van buitemuurse aktiwiteite
- Finansiële bydrae tot studiekostes
- Maandelikse toelaag

Om aansoek te doen vir hierdie internskap, kan belangstellendes die aansoekvorm van die skool se webwerf aflaai. Direkte skakel na hierdie aansoekvorm:

https://laerskoolnewtonpark.co.za/bfd_download/aansoekvorm-vir-internskap/

Die voltooide aansoekvorm en vereiste stawende dokumente moet by Laerskool Newtonpark (h/v Vierdelaan en Willetstraat, Newtonpark) ingedien word of kan per e-pos gestuur word aan: skoolhoof@lnpark.co.za
Kontak die skool indien jy enige vrae het.

- **Slegs persone wat na die onderhoud genooi word, sal gekontak word.**
- **Die persone wat genooi word vir die onderhoud, moet 'n Polisie-klaringsbewys indien by die onderhoud.**
- **Die beheerliggaam behou homself die reg voor om nie die pos te vul nie.**

Sluitingsdatum: 2 Oktober 2024 (12:00)

Carike Biggs

Remediërende Terapeut en Afrikaans Verykkingsklasse Graad R - 5

Is u as ouer **bekommerd** oor u kind se **akademiese vordering?** Sukkel u kind met sommige **akademiese konsepte?** Of benodig u kind slegs hulp met die **vaslegging van sekere konsepte?**

Carike Biggs, Remediërende Terapeut van The Play Pod, is daar vir u kind - nie nét vir **leerondersteuning** of **identifisering van leer-hindernisse** nie, maar ook vir die **inoefening en verstaan van daaglikse skoolwerk.**

Indien u meer wil uitvind, moenie twee keer dink om my te **kontak** nie!

081 824 8834
or 072 775 8417

theplaypodpe@gmail.com
carike.remedial@gmail.com

Wat is remediërende klasse?

In remediërende klasse verskaf die terapeut individuele onderwysbenaderings om leerders te help wat met spesifieke wêreldwye vaardighede sukkel. Ons bied ook addisionele ondersteuning en oefeninge wat aangepas is tot elke leerder se behoeftes. Dit sal hulle in staat stel om hul opvoedkundige doelwitte te bereik.

Carike Biggs
REMEDIAL THERAPIST

Voordele van remediërende klasse:

1. Individuele ondersteuning: Een-tot-een, mikro-onderrig.
2. Verbetering van begrip: Dieper verstaan/begrip van uitdagende onderwerpe.
3. Oorbrugging van leerhindernisse: Vul die gapings wat nog nie vasgelê is nie.
4. Bevorder akademiese prestasie: Dit sluit in beter punte, goeie begrip van vakke, gesonde studiegewoontes en vertroue in eie akademiese vermoëns.
5. Toename in selfvertroue: Leerder voel seker van hulself en hul vermoëns in alle skoolvakke, omdat werk vasgelê word.
6. Aangepaste benadering vir elke leerder: Gee aan elke individu die spesifieke hulp wat hulle nodig het op grond van hul sterk- en swakpunte.
7. Voorkoming van enige verdere uitvalle: Sorg dat hindernisse dadelik geïdentifiseer word, om groter leerprobleme uit te skakel.
8. Positiewe leeromgewing: Voorsien leerlinge van 'n vriendelike, positiewe en veilige omgewing waar elkeen regverdig behandel word.
9. Lewenslange vaardighede: Om goed te kan praat, probleme op te los, te dink voor die beantwoording van vrae, lees en leesbegrip, om Wiskunde te kan doen en in beheer te wees van eie liggaam en denke.
10. Bemagtiging: Laat kinders sterk en bekwaam voel, help hulle om in hulself te glo sodat hulle enige probleem kan aanpak.

081 824 8834
or 072 775 8417

theplaypodpe@gmail.com
carike.remedial@gmail.com